

**14 Februarie**

**Skrifgedeelte: Genesis 12 (OAV)**

**Fokusgedeelte: Genesis 12:1-3**

**Leef uit die groot beloftes van die Here**

Die Here se grootheid en almag is vir ons as klein mense onpeilbaar. Tog verstaan ons iets van die Here se grootheid en almag as ons onder die indruk kom van die groot beloftes wat Hy aan die mens gee.

Die Here praat met Abram en gee aan hom 'n duidelike opdrag. Abram moet uit sy land wegtrek na die land wat die Here vir hom sou aanwys. Die treffendste van die gesprek van die Here met Abram is egter nie die opdrag wat die Here gee nie, maar die beloftes wat Hy aan Abram gee. Die Here beloof aan Abram dat Hy hom 'n groot nasie sal maak, sy naam groot sal maak en hom sal seën. Die Here beloof verder dat Hy die wat Abram seën, sal seën en die wat hom vervloek, sal vervloek. In Abram sal al die geslagte van die aarde geseën word. Die Here beloof nie net nie. Hy hou sy beloftes. Die Here se beloftes gaan van Abram tot in sy verste nageslag in vervulling.

In hierdie beloftes van die Here aan Abram vind ons die vestiging van die Here se koninkryk wat tot sy volheid gekom het met die koms van Jesus Christus. Elkeen wat in Jesus Christus glo, ontvang soveel seëninge van die Here. In Christus word jy deel van die groot volk van die Here wat geskep word uit alle volke tale en nasie. In Christus kan jy leef uit die seën van die Here en glo jou sondes is volkome vergewe, die Here sorg elke dag vir jou, die Heilige Gees woon in jou en jy kan seker wees van die ewige lewe. Die wat Christus verwerp, leef nie uit hierdie seëninge nie, maar onder die vloek van die ewige oordeel.

Word klein voor die Here. Loof en prys die Here vir sy groot beloftes wat in Christus vervul is.

*Sing: Psalm 105:4 (1936)*

*Ds AF Berg (Bothaville)*

